PAPRIKA	2 Dae
PATATS	2 Dae
PERSKES, PRUIE & NEKTARIENS	21 Dae
SORGHUM	Beweiding
TAMATIES	3 Dae
TURKSIVYE & KAALBLADTURKSIVYE	2 Dae
UIE	3 Dae
	2 Dae

Hanteer konsentraat versigtig.

Berg in 'n koel plek weg van voedsel en voer.

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

VLAMBAAR - moenie naby op vlam stoor nie.

Die gebruik van **Decis Forte** anders as wat voorgeskryf is mag oortollige residu's of ander ongewenste resultate tot gevolg hê.

Herbetreding - Moenie behandelde gebied binne een dag na bespuiting binnegaan nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

In die geval van vergiftiging - ONTBIED 'N GENEESHEER EN STEL HIERDIE ETIKET AAN HOM BESKIKBAAR.

Lugtoediening: Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie aangrensende gebiede, riviere of damme bespuit, of toelaat dat die sproeiwater daarheen of veral na sitrusboorde onder geïntegreerde biologiese beheer vir rooidopluus oorwaai nie. Laat 'n bufferstrook van minstens 100 m toe tussen enige lugbehandelde land en 'n sitrusboord.

Alhoewel **Decis Forte** as gewasveilig geag word op die meeste belangrike kultivars, beteken dit nie dat 'n meer sensitiewe kultivar nie in die toekoms gekommersialiseer kan word nie. Waar 'n nuwe kultivar teëgekrom word, moet groot areas nie behandel word voordat **Decis Forte** op daardie kultivar getoets is nie.

ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEÏNVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE GROND-, KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE, KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE PLAETJIE TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURATHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR GEBREK AAN PRESTASIE AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG DIE VERSKAFTER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.

VOORSORGMAATREËLS:

VOORSORGMAATREËLS:

- Moet nie poeier/walm/gas/stuifsel/dampe/spuitstof inasem nie.
- Hou weg van hitte, warm oppervlakte, vonke, oop vlamme en ander ontstekingsbronne. Rook verbode.
- Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming
- INDIEN INGESLUK: Kry onmiddellik mediese noodhulp.
- INDIEN IN OË: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontakklense indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel.
- **INDIEN blootgestel of besorg: Kry onmiddellik mediese noodhulp. Moet NIE vomering induuseer nie.**

Was besoedelde klere daaglik.

Was met seep en koue water onmiddellik na gebruik of toevallige velkontak. In geval van oogkontak spoel onmiddellik met lopende water vir minstens 15 minute.

Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aantrek is nie.

Verhoed besoedeling van voedsel, eetgerei, voer en drinkwater.

Verhoed wegdroging van sproeiwater na ander gewasse, weidings, riviere, damme of ander gebiede wat nie

Maak alle apparaat deeglik skoon na gebruik en moenie die omgewing met spoelwater besoedel nie. Moenie vliegtuig kalibreer, of stortbak leegmaak oor weiding, onbehandelde gewasse of waterbronne nie. Sodra die houer leeg is keer dit om oor die spuitenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelyk aan minstens 'n tiende van die houer en gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitenk. Vernietig die houer deur dit te deurboor en plat te slaan en moenie vir enige ander doel hergebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Component	Concentration (%)
Deltamethrin	10.5
2-Methylpropan-1-ol	>1.00 - <3.00
2,6-Di-tert-butyl-4-methylphenol	>0.10 - <0.25
Cyclohexanone	>1.00 - <40.00
Hydrocarbons, C9, aromatics	>20.00
Benzenesulfonic acid, mono-C11-13-branched alkyl derivs., calcium salts	>= 1.00 - <5.0

NOODHULPBEHANDELING:

Algemene advies: Verwyder besoedelde klere onmiddellik en raak op 'n veilige wyse daarvan ontslae.

Inaseming: Beweg die persoon na vars lug en hou hom/haar rustig. Bel 'n dokter of die gifbeheersentrum onmiddellik.

Vel kontak: In die geval van vel kontak, was onmiddellik vir ten minste 15 minute met baie seep en water. Warm water kan die subjektiewe erns van die irritasie / parestesie verhoog. Dit is nie 'n teken van sistemiese vergiftiging nie. In die geval van vel irritasie kan die aanwending van olies of velrome wat vitamien E bevat oorweeg word. Indien simptome voortduur, ontbied 'n geneesheer.

Oog kontak: Spoel onmiddellik met baie water, ook onder die ooglede, vir ten minste 15 minute. Verwyder kontaklense, indien teenwoordig, na die eerste 5 minute en spoel die oog dan verder. Warm water kan die subjektiewe erns van die irritasie / parestesie verhoog. Dit is nie 'n teken van sistemiese vergiftiging nie. Dien strelende oogdruppels toe en indien nodig verdowende oogdruppels. Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur.

Ingesluk: Hou die persoon rustig. Spoel mond. MOENIE braking veroorsaak nie. Risiko van die produk wat in die longe beland met braking na inname. Bel 'n dokter of gifbeheersentrum onmiddellik.

NOTAS AAN DIE GENEESHEER:

Simptome:

Loaal: Vel en oog parestesie wat ernstig mag wees (gewoonlik verbygaande binne 24 uur met 'n resolusie), vel, oog en slymvlies irritasie, hoes, nies.

Sistemies: Ongemak in die bors, tagikardie, hipotensie, naarheid, maagpyn, diarree, braking, duiseligheid, dowwe visie, hoofpyn, anoreksie, slaperigheid, bewusteloosheid, stuiptrekkings, bewing, uitputting, lugweg hiper reaksie, pulmonêre edeem, hartkloppings, spier fassikulasie, apatie.

Risiko: Hierdie produk bevat 'n piretroïed. Piretroïed vergiftiging moet nie verwar word met karbamaat of organofosfaat vergiftiging.

Behandeling:

Lokale behandeling: Aanvanklike behandeling: simptome.

Sistemiese behandeling: Aanvanklike behandeling: simptome.

Monitor: respiratoriese en kardiaal funksies. In die geval van inname moet 'n maagspoeling oorweeg word in gevalle van beduidende innames slegs binne die eerste 2 uur. Maar, die toediening van geaktiveerde houtskool en natriumsulfaat is altyd raadsaam.

Hou asemhalingskanaal oop.

Suurstof of kunsmatige asemhaling indien nodig.

In die geval van stuiptrekkings moet bensodiasepiene (bv. diasepam) gegee word volgens standaard voorskrif. As dit nie doeltreffend is, kan phenobarbital gebruik word.

Kontra indikasie: atropien.

Kontra indikasie: byprodukte van adrenalin.

Daar is geen spesifieke teenmiddel nie.

Herstel is spontaan sonder gevolge.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

Vir weerstandsbestuur is **Decis Forte** as 'n Groepkode 3 insekdoder geklassifiseer. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Decis Forte**, of enige ander Groepkode 3 insekdoder het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorneem. Hierdie weerstandbiedende insekte sal moontlik nie deur **Decis Forte** of enige ander Groepkode 3 insekdoder, beheer word nie.

Angesien die voorkoms van weerstandbiedende insekte moeilik is om te bepaal voor insekdodertoeiening plaasvind, is dit uiters noodsaaklik dat behandelde gebiede met gereelde intervalle ondersoek word om weerstand vroegetyd te identifiseer. Bayer (Edms) Bpk. sal nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige gebrek aan prestasie in die geval van die opbou van weerstand in die insekte as gevolg van onvoldoende insekbestandheidsbestuur soos aangedui op die etiket nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders in dieselfde insekdodergroepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende insekdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekbeheerprogramme.

Kodlingmot weerstandsbestuur

Wanneer gebruik word om Kodlingmot (*Cydia pomonella*) in steenvrugte te beheer, moet 'n maksimum van vier Decis Forte bespuitings toegedien word op een enkel Kodlingmot generasie.

Om die ontwikkeling van weerstand te verhoed of te vertraag, is dit raadsaam om produkte met 'n ander metode van werking te gebruik vir die beheer van die ander twee generasies. Indien Decis Forte gebruik is vir die beheer van die laaste generasie van die seisoen, moet 'n produk met 'n ander metode van werking gebruik word vir die beheer van die eerste generasie in die volgende seisoen.

Amerikaanse bolwurm weerstandsbestuur

Bestandheid van Amerikaanse bolwurm (*Helicoverpa armigera*) teen sintetiese piretroïedes is bevestig.

KATOEN: Sintetiese piretroïedes mag SLEGS gedurende die periode 1 Januarie tot 28 Februarie toegedien word.

MOENIE meer as twee toedienings van enige piretroïed per groeiseisoen toedien nie. Indien meer toedienings benodig word, gebruik 'n produk met 'n ander werkingsmetode.

ALGEMEEN: Indien 'n piretroïedbespuiting swak beheer gee, MOENIE met 'n sintetiese piretroïed, selfs teen 'n korrektiewe dosis, herspuit nie. Gebruik 'n produk met 'n ander werkingsmetode (van 'n ander Groepkode).

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak u naaste Bayer CropScience verteenwoordiger.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

VERENIGBAARHEID:

Decis Forte is verenigbaar met **Lebaycid 500 EC** (Reg. Nr. L1270), **Mesurol 80 WP** (Reg. Nr. L1896), **Solubor, Ultracide** (Reg. Nr. L2630) op appels en pere en **Antracol 70 WP** (Reg. Nr. L2065) op tomaties. Wanneer toegedien vir snywurmbaer is **Decis Forte** verenigbaar met emulgeerbare- en suspensie konsentraat formulasies van onkruidodders wat tot die chloorasetamide- en triasienegroep behoort. Uitvlokking kom somtyds voor wanneer mengsels gemaak word met onkruidodders wat as benatbare poeiers geformuleer is. Aangesien die formulasies van plaagbeheermiddels verander, kan Bayer (Edms) Bpk nie verantwoordelikheid aanvaar om gedurig **Decis Forte** in die spuitentek met ander chemikalieë te toets nie. Moenie **Decis Forte** met ander chemikalieë vermeng, tensy die gebruik vooraf getoets het dat die kombinasie fisies verenigbaar is en nie skadelik vir gebruik onder normale toestande is nie.

WATER KWALITEIT:

Water pH

Water met 'n uitermatige hoë / lae pH kan die effektiwiteit van **Decis Forte** nadelig beïnvloed. Vir die beste resultate moet die water tussen pH 5 en 8 wees. Indien die water pH nie hieraan voldoen nie, moet dit met 'n geskikte buffermiddel reggestel word.

Toediening deur 'n besproeiingsstelsel

In die geval van toediening deur 'n besproeiingsstelsel, moet die water wat gebruik word so skoon as moontlik wees, d.w.s. vry van slijk, klei en organiese materiaal-deeltjies wat normaalweg in die vloedwater van 'n rivier voorkom. Sintetiese piretroides neig om aan hierdie deeltjies vas te kleef en sodoende hulle effektiwiteit te verlaag.

REÛNVAS EIENSKAPPE:

Decis Forte het uitstekende reënvas eienskappe, maar moenie toedien wanneer blare nat is nie.

TOEDIENINGSMETODE:

GRONDTOEDIENING:

Ongeag 'n newelblaser of spuitbalk en spuitpunte gebruik word, die dosis/ha bly onveranderd. Spuite moet korrek gekalibreer word om die benodigde hoeveelheid spuitmengsel eweredig oor die teikenarea te versprei. Die hoeveelheid water wat vir goeie bedekking benodig word, mag verskil van apparaat tot apparaat. Die hoeveelheid spuitmengsel/ha sal afhang van die hoeveelheid wat benodig word om goeie benutting met die spesifieke apparaat te verkry. Gebruik voldoende water om deeglike bedekking te verseker.

Toediening op mielies vir Chilo en mieliestronkboorder beheer

Dien toe deur gebruik te maak van soliede keëlsputpunte (D4/35 of D5/35), twee gemonteer bokant elke ry. Rig een spuitpunt afwaarts en die tweede effens vorentoe, sodat direk in die kelke en aangrensende blare gespuut kan word. Gebruik 'n druk van nie meer as 3 bar (40 pvd) nie.

SPILPUNTTOEDIENING EN SPRINKELBESPROEING – SLEGS MIELIES

Die stelsel moet 'n funksionele stopklep, 'n vakuumverligtingsklep en 'n laedrukkafvoer bevat wat op die besproeiingspyp gemonteer is, om te verhoed dat waterbronbesoedeling deur middel van terugvloei plaasvind.

Die inlaatpyp vir die plaagdoder moet 'n funksionele outomatiese, vinnigsluitende klep hê om die terugvloei van vloeistof na die inspuitspomp te verhoed. 'n Normaalweg toe solenoïed-beheerde klep gemonteer op die inlaat van die inspuitspomp sal verhoed dat plaagdoder onttrek word uit die voorsieningstank wanneer die stelsel outomaties of per hand afgeskakel word. Die inspuitspomp moet outomaties afgeskakel word wanneer die waterpomp afskakel. Die besproeiingslyn of waterpomp moet 'n funksionele druk-beheerde skakelaar hê wat die waterpomp sal afskakel indien die waterdruk verlaag tot 'n vlak waar die plaagdoder se verspreiding ondoeltreffend sal wees. Die stelsel moet toegerus wees met 'n positiewe-verplasinginspuitspomp (bv. diafragma pomp) wat ontwerp en gebou is om plaagdoders te kan toedien.

Toediening wanneer wind wegdrywing vanaf die teiken kan veroorsaak, moet vermy word. Die chemiese inspuitingstank moet skoongemaak word voor toediening om alle kunsmis, plaagdoder en ander resie te verwyder. Die **Decis Forte** / watermengsel in die inspuittank moet deurgans gerol word. 'n Eweredige vloei moet verseker word en pype moet vry van lekplekke wees. Verseker dat geen opdamming van water op die grondoppervlak voorkom nie.

LUGTOEDIENING:

MOENIE LUGBESPUITING BEGIN VOORDAT U U **DECIS FORTE** VERTEGENWOORDIGER GESPREEK HET NIE.

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van STANSA Kode 0118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende kriteria te voldoen:

Toerusting:

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet 'n stelsel gebruik wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitneuse/atomiseerders moet in die binneste 75 % van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels in die vlerkorteke in te verhoed.

Toedieningsparameters:

- 'n Minimum volume van 30 ℓ spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 30-40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250-280 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikron) tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet op 3-4 meter bo die teiken gehandhaaf word. Moenie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt is van, of tydens 'n duik, of terwyl dit uitklim of draai nie.
- Dien toe voordat die gewas te ruig word wat sal verhoed dat plante behoorlik bedek word.

Meteorologiese toestande:

- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met 'n swaaihygrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.
- Moenie toedien tydens turbulente, onstabiele toestande gedurende die hitte van die dag wanneer styg en dalende konvekse windbeweging plaasvind nie.
- Moenie toedien onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversielaag te spuit) nie.
- Moenie spuit indien die windspoed 15 km/uur oorskry nie.

Algemeen:

- Sorg dat die lande akkuraat gemerk is en die spuitoperateur presies weet watter lande gespuut moet word.
- Verky 'n versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word.

GEWAS EN PLAË	DOSIS	OPMERKINGS
ALLE GEWASSE Snywurms	<u>Grondtoediening:</u> 40 mℓ/ha	Dien voor- en/of vroeg naopkom toe. <u>Algehele behandeling:</u> Dien toe in ongeveer 300 ℓ water/ha. <u>Strookbehandeling:</u> Dien toe in 'n strook van minstens 30 cm wyd oor die ry. 'n Dosis van 40 mℓ in ongeveer 300 ℓ water moet toegedien word per <u>behandelde</u> ha, bv., indien 'n strook van 45 cm wyd gespuit word oor rye wat 90 cm van mekaar geplant is, moet 20 mℓ Decis Forte per <u>geplante</u> ha toegedien word.
	<u>Lugtoediening:</u> 40 mℓ/ha	Dien toe in minstens 30 ℓ water/ha. Verwys na "LUGTOEDIENING".
NOTAS: Grond moet fynbewater en vry van kluite en oormatige plantreste wees. Indien die gewas alreeds opgekom het, begin toediening sodra plante skade toon Die grondoppervlak moet klam wees tot 'n diepte van 5 cm tydens toediening OF Wanneer op droë grond toegedien word, moet reën of besproeiing grond binne 3 dae na toediening tot 'n diepte van minstens 5 cm benat. Minimum bewerkingspraktyke lei gewoonlik tot hoë snywurmpopulasies en in sulke gevalle word 'n algehele toediening aanbeveel. Die populasies moet sorgvuldig gemonitor word want 'n opvolgbehandeling mag benodig word. Ernstige gewasskade moet verwyg word in gewasse wat direk na oorwinterde gewasse geplant is of in lande wat noemenswaardige plantreste- of onkruidbedekking gehad het.		
AARTAPPELS Aartappelmot	<u>Grondtoediening:</u> (Hoë volume) 45 - 75 mℓ/ha	Begin toedien vóór, of tydens die eerste tekens van aartappelmotbesmetting. Herhaal met 8 - 14 dae tussenpose. 'n Dosis van 45 mℓ/ha is voldoende om goeie insekbeheer te verkry vir die tydperk tussen 0 en 40 dae na opkom. Dien 60 mℓ/ha toe vanaf 41 - 70 dae na opkom en 75 mℓ/ha vanaf dag 71 en daarna. Meer as een toediening word vir effektiewe beheer benodig. Erd minstens tweemaal gedurende die groeiseisoen op. Hierdie toediening sal ook snywurms beheer.
	<u>Grondtoediening:</u> (Lae volume) 45 - 75 mℓ/ha	Dien toe soos hierbo in $\frac{1}{2}$ - $\frac{1}{8}$ van die volume water wat vir hoë volume toediening gebruik word.

GEWAS EN PLAË	DOSIS	OPMERKINGS
APPELS & PERE Kodlingmot	<u>Hoë volume toediening:</u> 2,5 mℓ/100 ℓ water (62,5 - 87,5 mℓ/ha)	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Kodlingmot onder " WEERSTANDSWAARSKUWING ". Begin toedien met die aanvang van 'n motgenerasie of tydens 75 % blomblaarval (in die geval van die eerste generasie). Herhaal met 14-18 dae tussenpose vir 'n maksimum van vier toedienings. Dien 2 500 - 3 500 ℓ spuitmengsel per hektaar toe as 'n voldekbepuiting. Deeglike bedekking is belangrik.
	<u>Lae volume toediening:</u> 62,5 - 87,5 mℓ/ha	Dien toe soos hierbo in $\frac{1}{4}$ - $\frac{1}{8}$ van die volume water benodig vir hoë volume toediening.
Amerikaanse bolwurm	<u>Hoë volume toediening:</u> 3 mℓ/100 ℓ (75 - 105 mℓ/ha)	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder " WEERSTANDSWAARSKUWING ". Dien 'n voldekbepuiting toe tydens 75 % blomblaarval. Vir die beste resultate moet larwes nie 10 mm in lengte oorskry nie. Amerikaanse bolwurm sal ook deur kalandertoedienings beheer word.
	<u>Lae volume toediening:</u> 75 - 105 mℓ/ha	Dien toe soos hierbo in $\frac{1}{4}$ - $\frac{1}{8}$ van die volume water benodig vir hoë volume toediening.
Gebande vrugtekalander	<u>Hoë volume toediening:</u> 6 mℓ/100 ℓ water (150 - 210 mℓ/ha)	Dien 2 500 - 3 500 ℓ spuitmengsel per hektaar as 'n voldekbepuiting toe tydens 75 % blomblaarval. Verseker deeglike benatting van veral stam- en raamtakke. Herhaal 3 - 4 weke later. Herhaal toediening gedurende middel Januarie indien nodig. (Die tussenpose tussen 'n <u>kalanderbespuiting</u> en die daaropvolgende <u>kodlingmotbespuiting</u> , kan verleng word tot 28 dae).
Antestia	<u>Hoë volume toediening:</u> 3 mℓ/100 ℓ water (75 - 105 mℓ/ha)	Dien toe as 'n medium-dekbepuiting deur blomtrosse en blare te benat. Antestia sal ook deur Kodlingmot- en kalandertoedienings beheer word.
NOTA: Die hoeveelheid spuitmengsel per hektaar sal afhang van die boomgrootte en blaarbedekking. Bloubesie: Skade is onwaarskynlik indien vroeë Kodlingmot, Amerikaanse bolwurm of Gebande vrugtekalander-bespuitings toegedien is.		

GEWAS EN PLAË	DOSIS	OPMERKINGS
BLAARSLAAI Amerikaanse bolwurm & Snywurms wat koppe aanval	<u>Grondtoediening:</u> 60 ml/ha	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Dien toe sodra plaë opgemerk word. Herhaal indien nodig.
BONE, GRONDBONE, ERTJIES Amerikaanse bolwurm	<u>Grondtoediening:</u> 60 ml / ha <u>Lugtoediening:</u> 60 ml / ha	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Verken lande weekliks vanaf blomtyd. Gebruik 'n monstergrootte van 25 plante per 15 ha (2 plante/ha). Begin toedien sodra 10 % van die plante besmet is. Vir die beste resultate moet larwes nie 10 mm in lengte oorskry nie. Dien toe in 200 - 500 ℓ water/ha. Dien toe in minstens 30 ℓ water/ha. Verwys na "LUGTOEDIENING".
DRIUWE Kalanders	<u>Hoë volume toediening:</u> 6 ml/100 ℓ water	Dien toe as 'n voldekbepuiting. Verseker deeglike benutting van die stam asook die res van die stok. Begin toedien gedurende middel Oktober en herhaal indien nodig.
Amerikaanse bolwurm	<u>Hoë volume toediening:</u> 3 ml/100 ℓ water	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Dien 'n medium-dekbepuiting toe deur die blare en trosse te benat. Vir die beste resultate moet larwes nie 10 mm in lengte oorskry nie. Begin toedien sodra eerste tekens van besmetting opgemerk word. Herhaal indien nodig.

GEWAS EN PLAË	DOSIS	OPMERKINGS
GRAANSORGHUM Amerikaanse bolwurm	<u>Grondtoediening:</u> 0,6 ml/3 ℓ water / 100 m ry <u>Lugtoediening:</u> 60 ml /ha	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Die beheerstrategie moet gebaseer word op weeklikse verkenning van 25 pluime per 15 ha, vanaf pluimverskyning totdat die graan hard is. Dien toe sodra die aantal larwes 12 per 25 pluime (vir 'n beraamde opbrengs van 4 ton/ha), of 25 per 25 pluime (vir 'n beraamde opbrengs van 2 ton/ha) bereik het. Vir die beste resultate moet larwes nie 10 mm in lengte oorskry nie en die graan moenie verby die harde-deegstadium wees nie. Dien toe in 'n strook van minstens 50 cm wyd oor die ry gerig na die pluime. D5/45 holkeëlsputpunte word aanbeveel. Dien toe in minstens 30 ℓ water/ha. Verwys na "LUGTOEDIENING". Waar kultivars teëgekomp word wat digte stywe are vorm, is dit wenslik om toe te dien voordat die are toemaak, d.w.s. vóór die korrels heeltemal opgevol het.
HOPS Amerikaanse bolwurm	<u>Hoë volume toediening:</u> 5 ml/100 ℓ water	Slegs lede van die Suid-Afrikaanse Hopskwekersvereniging wat 'n vrywaringsvorm met Bayer (Edms) Bpk geteken het, mag Decis Forte op hops gebruik LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Dien toe as 'n voldekbepuiting tydens eerste tekens van besmetting en verseker goeie bedekking van groeipunte en keëls.

GEWAS EN PLAIE	DOSIS	OPMERKINGS
KATOEN Bolwurms & Vlekbesies (Sien besonderhede hieronder)		Ten einde in te skakel met die beginsels van geïntegreerde plaagbestuur, moet Decis Forte slegs gebruik word gedurende die maande van Januarie en Februarie. Toedieningshoeveelhede word gebaseer op plante wat hoër is as 0,6 m. Die beheerstrategie moet gebaseer word op weeklikse verkenning van 24 plante per 15 ha. Sien drumpelwaardes hieronder.
Amerikaanse bolwurm		LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Vanaf 12-17 weke na plantopkom: Dien toe sodra die eiertelling een per 2 plante (12 per 24 plante) bereik of oorskry het, of die aantal klein larwes 5 per 24 plante bereik het. Vanaf die 18de week en daarna, op voorwaarde dat die plantgroei tempo betekenisvol afgeneem het, kan Decis Forte toegedien word met 14-dae tussenpose, of wanneer die aantal klein larwes 5 per 24 plante oorskry het, afhange van wat eerste is.
Rooibolwurm		Dien toe sodra die eiertelling 1 per 4 plante (6 per 24 plante) bereik of oorskry het.
Stekelrige bolwurm		Dien toe sodra die larwe telling 4 per 24 plante bereik of oorskry het.
Vlekbesies		Dien toe sodra die eerste vlekbesiekolonies opgemerk word.

GEWAS EN PLAIE	DOSIS	OPMERKINGS
KATOEN Bolwurms & Vlekbesies (Sien besonderhede hierbo)	<u>Grondtoediening:</u> Newelblasers, spuitbalk spuite, ens. Eweredig gaspasieërde rye 60 ml / ha "Treinspoor" rye (bv. 1 m + 3m ry- spasiëring). 0,6 ml/ 100 m rylengte <u>Lugtoediening:</u> 75 ml / ha	Dien voldoende spuitmengsel toe om deeglike bedekking van die plante te verseker. 1 m/3 m treinspoor spasiëring = 5 000 lopende m/ha. Dien voldoende spuitmengsel toe vir deeglike bedekking. Monteer minstens 5 geskikte holkeëlsputpunte, waarvan een spuitpunt direk bo-oor elke ry, een in die middel van die twee rye en een aan elke buitekant van die rye gerig is. Vir die beste bedekking moet die buitenste spuitpunte op valarms gemonteer word teen 'n 45° opwaartse hoek. Dien toe in minstens 30 ℓ water/ha. Verwys na "LUGTOEDIENING".
KORING Amerikaanse bolwurm		LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Vir die beste resultate moet larwes nie 5 mm in lengte oorskry nie. Begin toedien sodra 10 % van die koringare besmet is. Herverken met 7-dae tussenpose. <u>Lugtoediening:</u> 60 ml / ha Dien toe in minstens 30 ℓ water/ha. Verwys na "LUGTOEDIENING".
LUPIENE Amerikaanse bolwurm		LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Verken lande weekliks vanaf blomknopvorming en gebruik 'n monstergrootte van 25 plante per 15 ha. Begin toedien sodra 10 % van die plante besmet is. Vir die beste resultate moet larwes nie 10 mm in lengte oorskry nie. <u>Lugtoediening:</u> 50 ml/ha Dien toe in minstens 30 ℓ water/ha. Verwys na "LUGTOEDIENING".

GEWAS EN PLAË	DOSIS	OPMERKINGS
LUSERN Lusernrusper	<u>Grondtoediening:</u> 18 mℓ/ha	Dien toe in ongeveer 300 ℓ water/ha. Dien toe voordat die plaag noemenswaardige blaaroppervlakte verwyder het. Herhaal indien nodig.
MANGO'S Mangosnuitekewer	<u>Hoë volume toediening:</u> 10 mℓ/100 ℓ water	Dien toe as 'n medium-dekbespuiting sodra vruggies 1 cm in deursnee (September) is, gevolg deur 'n tweede bespuiting 4 tot 5 weke later wanneer die vruggies 3 tot 4 cm in deursnee is.
NOTA: Die gebruik van hierdie produk mag 'n verhoging in Mango-dopluisgetalle tot gevolg hê		
MIELIES Chilo stronkboorder (<i>Chilo partellus</i>) Chilo stronkboorder word van Mieliestronkboorder onderskei deurdat Chilo stronkboorder dorsale donkerbruin kolle het en romerige-wit van kleur is. Mieliestronkboorder larwes is donkerder en sonder kolle.	<u>Grondtoediening:</u> 0,6 mℓ Decis Forte / 100 m rylengte	Hierdie spuitprogram sal Chilo stronkboorder tot by pluimvorming beheer. Die beheer van Chilo stronkboorder word drasties verminder indien die eerste bespuiting later as 21 dae na gewasopkom, toegedien word. Die eerste "haelskade" kan reeds vanaf 10 dae na opkom opgemerk word. Toediening moet 10 - 14 dae na gewasopkom begin, of vir toediening gedurende koeler tye van die jaar, vanaf die 2 tot 4-blaarstadium. Herhaal toediening tot pluimvorming met 14-dae tussenpose soos benodig. Verwys na "GRONDTOEDIENING" hierbo. Dien toe in 3 ℓ water / 100 m rylengte. Herhaal toediening met 7 - 10 dae tussenpose soos benodig tot pluimvorming. Sien "NOTAS" hieronder. Dien toe in 3 ℓ water / 100 m ry. Herhaal toediening met 14-dae tussenpose soos benodig tot pluimvorming. Sien "NOTAS" hieronder.

GEWAS EN PLAË	DOSIS	OPMERKINGS
MIELIES Chilo stronkboorder (<i>Chilo partellus</i>) Chilo stronkboorder word van Mieliestronkboorder onderskei deurdat Chilo stronkboorder dorsale donkerbruin kolle het en romerige-wit van kleur is. Mieliestronkboorder larwes is donkerder en sonder kolle.	<u>Toediening d.m.v. Spilpunt- of sprinkelbesproeiing:</u> 60 mℓ/ha	Toediening moet slegs begin sodra die plante die 6-blaarstadium bereik het. Toediening vóór hierdie stadium moet deur middel van grondtoediening plaasvind. Herhaal toediening met 7-10 dae tussenpose tot pluimvorming. Sien "NOTAS" hieronder. LW: Spilpuntspoed moet op 100 % gestel word (d.w.s. die vinnigste omwenteling). In die geval van gewone sprinkelbesproeiing moet die produk gedurende die laaste 10-15 minute van die besproeiings-siklus toegedien word voordat die pype na die volgende posisie geskuif word. Verwys na "SPILPUNTOEDIENING".
NOTAS: Swak stronkboorderbeheer sal verkry word indien mielieplante bespuit word wat aan droogtestremming ly met verlepte óf opgerolde blare.		
Mieliestronkboorder (<i>Busseola fusca</i>) Mieliestronkboorder larwes is donkerder as dié van Chilo stronkboorder en sonder kolle. Beheer van blaar-en stingelskade	<u>Grondtoediening:</u> 0,5 mℓ / 100 m ry <u>Lugtoediening:</u> 50 mℓ /ha	LW: Waar besmetting moontlik is, moet verkennings weekliks gedoen word vanaf 21-dae na opkom totdat die plante pluime vorm. Begin toedien een week nadat 5 % van die plante eiers op het, of onmiddellik nadat 10 % van die plante tekens van "haelskade" toon (wanneer die jongste blare van die plant klein deursigtige kolle "vensters" aandui). Vir die beste resultate moet larwes nie 5 mm in lengte oorskry nie. Groot, goed gevestigde larwes word swak beheer. Hou lande onder toetsig ingeval 'n herinfestasië voorkom. Dit mag nodig wees om 'n tweede toediening 12 - 14 dae later toe te dien. Verwys na "GRONDTOEDIENING" hierbo. Sien "NOTA" hieronder. Dien toe in minstens 30 ℓ water/ha. Slegs vir gebruik in ooreenstemming met Biotrap. Verwys na Biotrap Maize Stalk Borer (Reg. Nr. L2982) aanbevelings. Verwys na "LUGTOEDIENING".
NOTA: Swak stronkboorderbeheer sal verkry word indien mielieplante bespuit word wat aan droogtestremming ly en wat verlepte óf opgerolde blare toon		

GEWAS EN PLAË	DOSIS	OPMERKINGS
MIELIES Mieliestronkboorder Beheer van kopskade gedurende Januarie - Februarie Generasie	<u>Lugtoediening:</u> 60 ml /ha	LW: Met hierdie toediening word kopskade betekenisvol verlaag alhoewel Mieliestronkboorder nie volledig uitgewis word nie. Raadpleeg die Biotrap-data om week 3 van die 2de motvlug te bepaal. Indien die gewas nog nie vol in pluim is nie, bespuit gedurende die 4de week. Indien die gewas volpluim bereik het is skade laag want koppe is dan goed ontwikkel en larwes klein. Indien plante nog in die kelkstadium is, verwys na "Beheer van blaar- en stingelskade" hierbo. Verwys na "LUGTOEDIENING".
Lentekewer	<u>Lugtoediening:</u> 150 ml /ha	Dien toe sodra skade aan die blare opgemerk word. Herhaal na 14 dae indien groot aantal kewers nog aan die uitbroei is. (Ondersoek gate in die grond rondom die stam asook kelkblare van die plante). Kewers moet eers behandelde blaarmateriaal vreet om beheer te word. Verwys na "LUGTOEDIENING".

Mielie aanbeveling: Die risiko van abnormale kopontwikkeling (AED) in mielies verhoog dramaties indien enige toedienings (gewasbeskeringsprodukte, kunsmis, blaarvoedings, byvoegmiddels ens.) tussen V10 - VT groeistadiums toegedien word. Toedienings tussen V10 – VT groeistadiums moet so ver moontlik vermy word.

MIELIES & SUIKERMIELIES Amerikaanse bolwurm (Kopwurm)	<u>Lugtoediening:</u> 60 ml /ha	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Dien toe in minstens 30 ℓ water/ha. Verken vir eiers met die aanvang van baardverskyning. Dien toe indien eiers voorkom. Verken daarna weekliks en dien weer toe indien nodig. Verseker deeglike bedekking van die boonste derde van die plante. Verwys na "LUGTOEDIENING".
---	------------------------------------	--

NOTA:

Langseisoen of laatgeplante mieliekultivars is gewoonlik dié wat aan skade onderhewig is, want dit is hulle wat jong koppe het gedurende die piektyd van Amerikaanse bolwurmmaktiwiteit. Koppe wat aan die hardword is, word nie noemenswaardig beskadig nie, selfs nie deur groter larwepopulasies wat in elk geval nie dieper as die punte van die koppe kan penetreer nie. Dit is belangrik dat jong baarde nie erg beskadig word nie, want dit verhoed bestuiving van die graan.

GEWAS EN PLAË	DOSIS	OPMERKINGS
MIELIES, SORGHUM, KORING, GRASWEIDINGS Kommandowurm	<u>Grondtoediening:</u> 60 ml /ha	Dien toe wanneer beskadiging aan gewasse en beweiding verwag word, verkieslik wanneer dit blyk dat al die larwes reeds uitgebroei het. Alle larwale stadiums sal beheer word.

Mielie aanbeveling: Die risiko van abnormale kopontwikkeling (AED) in mielies verhoog dramaties indien enige toedienings (gewasbeskeringsprodukte, kunsmis, blaarvoedings, byvoegmiddels ens.) tussen V10 - VT groeistadiums toegedien word. Toedienings tussen V10 – VT groeistadiums moet so ver moontlik vermy word.

PAPRIKA Amerikaanse bolwurm	<u>Grondtoediening:</u> 60 ml /ha	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Dien toe tydens die eerste tekens van bolwurmbesmetting. Gebruik voldoende water om deeglike bedekking en benatting van blomme en vrugte te verseker.
---------------------------------------	--------------------------------------	--

PATATS Patatkewers, Pylstermot larwes, Blaarmyners	<u>Grondtoediening:</u> 12,5 ml/100 ℓ water	Begin toedien verkieslik vóór blaarbeskadiging opgemerk word óf tydens die eerste tekens daarvan. Herhaal met 14-dae tussenpose. Gebruik skoon plantmateriaal. Verseker dat patats weer opgeërd word om grondkrake toe te maak.
--	--	---

PERSKES, NEKTARIENS, PRUIE Gebande vrugtekalanders	<u>Hoë volume toediening:</u> 6 ml/100 ℓ water (150 - 210 ml/ha)	Dien 2 500 - 3 500 ℓ spuitmengsel/ha toe as 'n voldekbepuiting. Verseker deeglike benatting van stam en raamtakke. Dien toe sodra eerste tekens van besmetting opgemerk word (gewoonlik ± middel November - einde Desember) en herhaal 3 - 4 weke later. Herhaal weer gedurende middel Januarie indien nodig.
--	---	---

Amerikaanse bolwurm	<u>Hoë volume toediening:</u> 3 ml/100 ℓ water (75 - 105 ml/ha)	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder "WEERSTANDSWAARSKUWING" . Dien 2 500 - 3 500 ℓ spuitmengsel/ha toe as 'n voldekbepuiting. Begin toedien tydens 75 % blomblaarval. Herhaal 18-21 dae later indien nodig.
---------------------	--	--

	<u>Lae volume toediening:</u> (75 - 105 ml/ha)	Dien toe soos hierbo in 1/4 - 1/6 van die volume water benodig vir hoë volume toediening.
--	---	---

GEWAS EN PLAE	DOSIS	OPMERKINGS
SIERPLANTE Amerikaanse bolwurm	<u>Hoë volume toediening:</u> 3 mℓ/100 ℓ water	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder " WEERSTANDSWAARSKUWING ". Dien toe sodra bolwurms opgemerk word. Dien voldoende spuitmengsel toe om goeie bedekking te verseker. Herhaal indien nodig.
TAMATIES Amerikaanse bolwurm	<u>Hoë volume toediening:</u> 3,25 mℓ/100 ℓ water (2 ℓ spuitmengsel/ 10 cm planthoogte / 100 m rylengte) <u>Lae volume toediening:</u> 0,065 mℓ / 10 cm planthoogte/100 m rylengte	LW: Sien waarskuwing teen bestandheid van Amerikaanse bolwurm onder " WEERSTANDSWAARSKUWING ". Dien toe sodra die plante begin blom óf wanneer bolwurms verwag word. Vir die beste resultate moet larwes nie 10 mm in lengte oorskry nie. Herhaal met 7-10 dae tussenpose. Dien toe as 'n voldekbepuiting. Vir dosis/ha sien berekening hieronder. Gebruik voldoende water vir goeie bedekking. Vir dosis/ha sien berekening hieronder.

Dosis/ha:
Bereken dosis/ha deur die volgende formules te gebruik:-

HOë VOLUME TOEDIENING:

$$\frac{(\text{Totale lengte van rye/ha}) \times (\text{Hoogte van tamaties in cm} \times 2)}{100 \times 10} = \text{Volume } (\ell) \text{ van mengsel/ha}$$

en $\frac{(\text{Volume } (\ell) \text{ van mengsel/ha})}{100} \times 3,25 = \text{mℓ Decis Forte/ha}$

LAE VOLUME TOEDIENING:

$$\frac{\text{Totale lengte van rye/ha}}{100} \times \frac{(\text{Hoogte van tamaties in cm})}{10} \times 0,065 = \text{mℓ Decis Forte/ha}$$

GEWAS EN PLAE	DOSIS	OPMERKINGS
TURKSUYE & KAALBLAD-TURKSUYE (Opuntia spp.) <i>Cactoblastis</i> larwes	<u>Hoë volume toediening:</u> 4 mℓ/100 ℓ water	Dien toe as 'n voldekbepuiting en verseker deeglike bedekking van blaaië. Begin toedien sodra eerste tekens van besmetting opgemerk word, óf verkieslik sodra eierstokke gedeponeer word. 'n Enkel toediening sal plaag vir 14 dae beheer. Nuwe beskadiging mag tussen die 14de en 21ste dag vanaf toediening voorkom. Herhaal met 14 - 21 dae tussenpose indien nodig.
UIE Blaaspootjie	<u>Grondtoediening:</u> (Hoë volume) 10 mℓ/100 ℓ water plus 'n geskikte benatter teen die aanbevole dosis <u>Grondtoediening:</u> (Lae volume) 25 - 50 mℓ/ha	Begin behandeling tydens eerste tekens van besmetting en herhaal met 10 - 14 dae tussenpose indien nodig. Gebruik 250 - 500 ℓ spuitmengsel/ha afhangende van plantgrootte. ----- Gebruik die laer dosis op klein uie en die hoër dosis op groter uie.
NOTA: Moenie op spruituie toedien nie aangesien dit kan lei tot onaanvaarbare residu's op die gewas		
WATTELPLAN-TASIES Wattel mirid	<u>Lugtoediening:</u> 40 mℓ/ha	Dien toe sodra eerste tekens van besmetting opgemerk word. 'n Tweede toediening mag ongeveer 'n maand na die 1ste toediening benodig word indien miridpopulasies weer opbou. Dien toe in minstens 30 ℓ water/ha. Verwys na "LUGTOEDIENING".

BAYER (EDMS) BPK ERKEN DIE VOLGENDE:

PRODUK:
Biotrap®
Ultracide®

HANDELSMERK VAN:
Wefco Bemarking
Syngenta Suid-Afrika (Edms) Bpk

Antracol®, Decis®, Lebaycid® en **MesuroI®** is geregistreerde handelsmerke van die Bayer Groep

© Bayer (Edms) Bpk. Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.

Bayer